

**Sabrina die seekoei**

*Deur Liani Gouse (Gr6A)*

*Laerskool Elarduspark*

Sabrina die seekoei is van nature geset.

Nie rond en gesonde nie, sy is net VET.

Waar ander seekoeie in die modder bad,

lê ons Sabrina, die modder plat.

Wanneer Sabrina in die water gaan

kom die golwe soos `n Tsunami aan.

Krokodille en babers vrees vir hulle lewe

as Sabrina haar in die water begewe.

“Hoe is dit moontlik?” wil die diere weet,

“dat sy so dik is van net gras vreet?”

“Sy is opgeblaas”, sê Oupa Uil

wat veilig in `n boompie skuil.

Maar Sabrina se probleem was nie gasgedrewe

dit kon jy sien aan haar agterstewe.

Arme Sabrina was al baie selfbewus.

Selfs sy kon sien sy lyk soos `n bus.

Toe, op `n storm, reënerige dag  
was daar skielik `n harde slag.

Die dam se wal het begin kraak,  
al die diere het paniekerig geraak.

Die diere se woning, hul habitat  
sou binne oomblikke in rigtings spat.

Maar ons vet vriendin, gaan lê ewe gedwee, in die spoelsloot  
en red die diere van `n gewisse dood.

Van daardie dag af, is Sabrina almal se held  
en nooit weer was hul op haar gewig gesteld.